

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**

Saaknommer: 13356/97

In die saak tussen:

BREDASDORP MUNISIPALITEIT

Eiser

en

BONTEBOK KALKWERKE (EDMS) BPK

Verweerder

UITSPRAAK: 3 MEI 2002

VAN ZYL R:

INLEIDING

[1] Hierdie saak spruit voort uit die voorsiening van elektrisiteit deur die eiser aan die verweerder ingevolge die bepaling van die *Standaardverordening insake Elektrisiteitsvoorsiening*, wat op 18 September 1987 deur *Provinsiale Kennisgewing 535* van 1987 afgekondig is. Sodanige verordening is op 2 September 1988, by wyse van *Provinsiale Kennisgewing 750* van 1988, op die Munisipale Raad van Bredasdorp van toepassing gemaak. Daarna is dit ingevolge *Provinsiale Kennisgewing 832* van 1990 (gedateer 20 Desember 1990) en *Provinsiale Kennisgewing 356* van 1995 (gedateer 11 Augustus 1995) gewysig.

[2] Dit is gemenesaak dat die verweerder sedert 1924 op dieselfde perseel handel dryf en dat die eiser se regsvoorganger, en later die eiser self, sedertdien elektrisiteit teen betaling aan hom gelewer het. Dit is eweneens gemenesaak dat die eiser sedert die inwerkingtreding van die verordening gedurende 1988, ingevolge daarvan aan die verweerder elektrisiteit voorsien het. Aan die begin van 1994 het die eiser 'n nuwe elektrisiteitsmeter by die verweerder se perseel te Bredasdorp geïnstalleer vir die meet

van die hoeveelheid elektrisiteit wat die eiser aan die verweerder sou lewer. Sedert sodanige installering het die eiser aan die verweerder maandelikse rekenings ten opsigte van sy elektrisiteitsverbruik gelewer, welke rekenings deur die verweerder betaal is.

[3] Op 21 Mei 1997 het die eiser ontdek dat die faktor van die nuwe rekening nie ten tye van die installering van die meter gewysig is om vir die dan geldende tarief voorsiening te maak nie. Die gevolg was dat die verweerder se verbruik gedurende die tydperk Februarie 1994 tot April 1997 foutiewelik ooreenkomstig die ou faktor bereken is. Voortspruitend hieruit het die eiser die bedrag van R518 835,48 van die verweerder onderverhaal. Vir sover artikel 52(4) van die verordening egter die regstelling van sodanige fout alleenlik van toepassing maak op 'n tydperk van drie jaar wat die datum waarop die fout ontdek is, voorafgaan, mag die eiser slegs die bedrag van R463 078,98 verhaal, synde vir die tydperk Junie 1994 tot Junie 1997. Hierdie bedrag is bereken ooreenkomstig 'n aangehegte staat.

[4] In sy verweerskrif het die verweerder 'n spesiale pleit van verjaring ten opsigte van 'n gedeelte van die eis geopper. Op die meriete het hy aanspreeklikheid ontken op sterkte van die bepalings van artikel 4 van die verordening, ingevolge waarvan geen persoon elektrisiteit mag gebruik sonder 'n skriftelike ooreenkoms met die voorsieningsowerheid nie. Vir sover daar geen sodanige ooreenkoms tussen die partye was nie, was die eiser se voorsiening van elektrisiteit aan die verweerder in stryd met 'n statutêre verbod en dus ongeoorloof. Die eis was dus ongegrond en onafdwingbaar.

[5] In die alternatief maak die verweerder staat op estoppel voortspruitende uit die skyn deur die eiser verwek dat slegs die bedrae in die gelewerde rekenings aangedui, betaalbaar was. Hy het op sodanige skyn staatgemaak en tot sy nadeel gehandel deur nie vir verhoogde tariewe in die pryse van sy produkte voorsiening te maak nie. Derhalwe word die eiser verbied ("estop") om die onderverhaalde bedrag te vorder.

[6] Die verweerder het ook 'n voorwaardelike teeneis ingestel op die grondslag dat, indien sy verweere verwerp sou word, hy dan skade sou ly in die bedrag van die eiser se vordering. Die skade sou voortspruit uit die eiser se onregmatige en nalatige versuim "om behoorlike en akkurate metinge en/of lesings te neem en om behoorlike en/of akkurate berekenings te doen en/of om toe te sien dat die faktor van die metingsmeter akkuraat is".

[7] In sy repliek op die verweerder se pleit het die eiser ontken dat sy eis uit kontrak ontstaan het. Hy het aangevoer dat dit gegrond is op die relevante bepalings van die gemelde verordening, soos gewysig. Wat betref die verbodsbepaling vervat in artikel 4 van die verordening, doen die eiser aan die hand dat dit slegs op die gebruik van elektrisiteit, en nie op die voorsiening daarvan nie, gerig word. Die bepaling is trouens suiwer ten voordele van die voorsiener. Derhalwe is die bestaan van 'n skriftelike ooreenkoms nie 'n voorvereiste vir die verhaal van die koste van elektrisiteit wat ooreenkomstig die voorgeskrewe tariewe voorsien word nie. Voorts ontken die eiser dat daar enige meriete bestaan in die spesiale pleit van verjaring of in die alternatiewe pleit van estoppel.

[8] Met verwysing na artikels 4, 16 en 52 van die verordening het die verweerder sekere eksepsies teen die eiser se vordering opgewerp. Daar is nie voortgegaan daarmee nie, maar die verweerder het, kort voor die aanvang van die verhoor, kennis gegee van 'n aansoek, ingevolge reël 33(4) van die Reëls van hierdie Hof, dat die geskilpunt oor die eiser se skuldoorsaak *in limine* betoog en bereg moet word. Meer spesifiek gaan dit om die vraag of die eiser se vordering 'n skuldoorsaak openbaar vir sover daar geen skriftelike ooreenkoms deur die partye aangegaan is nie, alternatiewelik vir sover die eiser trag om 'n ongeoorloofde eis af te dwing.

RELEVANTE BEPALINGS VAN DIE VERORDENING

[9] Hoofstuk 1 van die verordening bevat algemene woordbepalings. Die omskrywing van 'n "verbruiker", soos gewysig deur *Provinsiale Kennisgewing* 356 van 1995, is:

die okkupeerder van 'n perseel waaraan die voorsieningsowerheid gekontrakteer het om elektrisiteit te lewer of dit werklik lewer, of, as daar nie 'n okkupeerder is nie, enige persoon wat 'n lopende kontrak met die voorsieningsowerheid gesluit het vir die lewering van elektrisiteit aan sodanige perseel, of, as daar nie so 'n persoon is nie, die eienaar van die perseel en vir die toepassing van die regulasies beteken dit die gebruiker of verhuurder van die elektriese installasie.

[10] Hoofstuk 2 bevat weer "algemene voorsieningsvoorwaardes". Die inleidende artikel daarvan, naamlik artikel 4, word ingevoer onder die opskrif *Toevoer volgens kontrak* en lui aldus:

Geen persoon mag 'n elektrisiteitstoevoer van die voorsieningsowerheid gebruik of is daarop geregtig om dit te gebruik nie tensy of totdat sodanige persoon 'n skriftelike ooreenkoms met die voorsieningsowerheid aangegaan het vir sodanige toevoer, en sodanige ooreenkoms tesame met die bepalings van hierdie verordening reël sodanige toevoer in alle opsigte.

Hierdie verbodsbepaling is 'n gewysigde weergawe van 'n bepaling wat skynbaar vir die eerste keer ooreenkomstig regulasie 21 van die *Standaardregulasies insake*

Elektrisiteitsvoorsiening ingevoer is, en wel onder die vaandel van *Provinsiale Kennisgewing* 480 van 1953, gedateer 5 Junie 1953. Sodanige kennisgewing is later herroep deur *Provinsiale Kennisgewing* 1 van 1978, gedateer 13 Januarie 1978, wat 'n nuwe *Standaardverordening insake Elektrisiteitsvoorsiening* in die lewe geroep het. Artikel 4 daarvan het die verbodsbepaling van regulasie 21 in gewysigde vorm voortgesit. Dit is uiteindelik gedurende 1987 vervang, weer eens met sekere wysigings, deur die nog geldende artikel 4 hierbo aangehaal.

[11] Die oortreding van hierdie bepalings word met die sanksie, oftewel *strafbepaling*, van artikel 54 getref. Sub-artikels (1) en (2) daarvan lui soos volg:

(1) Enige persoon wat enige van die bepalings van artikels 4, 6, 12, 13, 18, 23, 24, 26 en 27 van hierdie verordening oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat voorgeskryf word in die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), of die Ordonnansie op Afdelingsrade, 1976 (Ordonnansie 18 van 1976).

(2) Elke persoon wat 'n oortreding van die bepalings van hierdie verordening begaan, moet die voorsieningsowerheid vergoed vir enige verlies of skade deur die voorsieningsowerheid gely as gevolg van sodanige oortreding.

Dit wil voorkom dat hierdie strafbepaling vir die eerste keer deur die 1978 verordening ingevoer is, en wel as artikel 76 daarvan. Artikel 54 van die huidige (1987) verordening is 'n enigsins gewysigde weergawe van die 1978 bepaling.

[12] Artikel 16, wat nie deur die strafbepalings van artikel 54 getref word nie, is gewysig, vir sover dit op die Munisipaliteit van Bredasdorp van toepassing is, deur *Provinsiale Kennisgewing* 832 van 1990. Onder die opskrif *Gelde* bepaal artikel 16(1) soos volg:

(1) Die raad kan, onderworpe aan die bepalings van artikel 187(2) van die Munisipale Ordonnansie, 1974, die gelde aan hom betaalbaar vir die instelling, voorsiening en instandhouding van 'n elektrisiteitstoevoer by spesiale besluit vasstel.

Die oorblywende subartikels van artikel 16 gaan oor die *Betaling van rekenings* en lui aldus:

(2) Alle gelde loop van dag tot dag op na gelang die elektriese energie verbruik word en is te alle tye op aanvraag betaalbaar, maar word beheer ooreenkomstig meteraflesings deur 'n beampte van die raad uitgevoer. Rekenings vir die verbruik van elektriese energie word so gou doenlik na die aflesing van meters aan verbruikers gelewer en die bedrae wat daarop voorkom, is by die raad se kantoor betaalbaar voor of op die datums deur die raad by spesiale besluit vasgestel. Waar 'n rekening onbetaal bly na die datum hierbo genoem, is dit onderworpe aan die toeslag deur die raad by spesiale besluit vasgestel.

(3) Indien die verskuldigde bedrae (toeslag inbegrepe, waar van toepassing) nie betaal is soos in subartikel (2) hierbo bepaal nie, tree die raad op ingevolge artikel 19 [die reg om toevoer af te sluit] van hierdie verordening.

(4) Die elektriese toevoer na sodanige eiendom word nie weer aangesluit nie tensy alle agterstallige gelde en 'n heraansluitingsgeld soos deur die raad by spesiale besluit vasgestel is, betaal is.

[13] Artikel 52(4) van die verordening, soos gewysig deur artikel 12 van *Provinsiale Kennisgewing* 356 van 1995, bepaal, onder die opskrif *Meteraflesings*, soos volg:

Indien enige berekenings-, aflees of meetfout ontdek word ten opsigte van 'n rekening wat aan 'n verbruiker gelewer is, moet die voorsieningsowerheid die fout in daaropvolgende rekenings regstel. Enige sodanige regstelling geld slegs ten opsigte van rekeninge vir 'n tydperk van drie jaar wat die datum waarop die fout in die rekeninge ontdek is, voorafgaan, is rentevry tot op die datum waarop die regstelling nodig blyk te wees, en word gebaseer op die werklike tariewe wat gedurende die tydperk gegeld het.

VERWEERDER SE BETOOG IN LIMINE

[14] Mnr Louw het namens die verweerder aan die hand gedoen, met verwysing na die bepalings van artikel 4 van die verordening, dat elektrisiteit **ingevolge** die verordening voorsien kan word slegs indien daar 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het. Vir sover die eiser nie op sodanige ooreenkoms staatmaak nie, was die elektrisiteitsvoorsiening deur hom aan die verweerder nie **ingevolge** die verordening nie, maar inderdaad ongeoorloof en 'n strafbare oortreding.

[15] Mnr Louw het voorts aan die hand gedoen dat die lewering van rekenings deur die voorsieningsowerheid en die betaling daarvan deur die verbruiker, ingevolge artikel 16 van die verordening, voorveronderstel dat die elektrisiteit in terme van 'n skriftelike ooreenkoms voorsien word. Dieselfde veronderstelling geld vir die bepalings van artikel 52(4) voormeld. Dit beteken dat 'n verbruiker alleenlik as sodanig omskryf kan word indien hy of sy 'n skriftelike ooreenkoms met die voorsieningsowerheid het. So nie is sy of haar verbruik onwettig en ongeoorloof.

[16] In die lig hiervan, het Mnr Louw aan die hand gedoen, openbaar die eiser se stukke geen eisorsaak nie en moet die aksie met koste van die hand gewys word.

EISER SE BETOOG *IN LIMINE*

[17] Mnr Smit het namens die eiser betoog dat dit nooit die bedoeling van die wetgewer kon gewees het om die voorsiening van elektrisiteit aan 'n verbruiker, met wie daar nie 'n skriftelike ooreenkoms gesluit is nie, tot 'n strafbare misdryf te verhef nie. Nog minder kon dit die bedoeling gewees het om die verbruiker se verpligting om vir elektrisiteitsvoorsiening te betaal, ongedaan te maak. In hierdie verband het hy dit beklemtoon dat, hoewel die eiser se regsvoorganger, en later die eiser self, sedert 1924 aan die verweerder elektrisiteit verskaf het, daar geen skriftelike ooreenkoms, soos in artikel 4 van die verordening bedoel, tussen hulle bestaan het nie. Desnieteenstaande het die eiser (en sy voorganger) voortgegaan om elektrisiteit aan die verweerder te voorsien en die verweerder het deurentyd daarvoor betaal.

[18] Mnr Smit het voorts betoog dat die verbodsbepaling van artikel 4 (saamgelees met die strafbepaling van artikel 54) van die verordening nie gerig word op die nietigheid van die elektrisiteitsvoorsiening indien geen kontrak gesluit word nie. Dit word inderdaad teen die onregmatige gebruik van elektrisiteit deur 'n verbruiker, en nie teen die verskaffing daarvan deur die voorsiener nie, gerig. Indien dit die bedoeling van die wetgewer was, het die betrokke artikel bepaal dat 'n voorsieningsowerheid geen elektrisiteit mag voorsien tensy 'n skriftelike ooreenkoms met die verbruiker gesluit is

nie.

[19] Mnr Smit het verder in sy betoog staatgemaak op die vermoede dat wetgewing slegs op toekomstige aangeleenthede gerig word. Waar daar oor 'n lang termyn, soos in die onderhawige geval, elektrisiteit voorsien is en betaling daarvoor gemaak is sonder enige skriftelike ooreenkoms daartoe, is dit onwaarskynlik dat 'n verbodsbepaling, soos in artikel 4 vervat, daarop van toepassing sou wees. Dit is onwaarskynlik dat die wetgewer kon bedoel het om van verbruikers soos die verweerder, by inwerkingtreding van die verbod, misdadigers te maak. Die verbod sou slegs op nuwe verbruikers gerig kon wees. Dit word bevestig deur die bepalings van artikel 7(1) van die verordening, wat verg dat 'n "voornemende verbruiker" op die standaard (gedrukte) vorm skriftelik aansoek om elektrisiteitslewering moet doen. Niks word gesê oor bestaande verbruikers nie.

RELEVANTE REGSBEGINSELS

[20] Dit is duidelik dat, hoewel daar in die onderhawige geval geen skriftelike ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het nie, daar inderdaad 'n stilswyende ooreenkoms tussen hulle was vir die volle duur van die termyn waartydens die eiser se voorganger, en daarna die eiser, aan die verweerder elektrisiteit verskaf het. Die ooreenkoms was aanvanklik tussen die eiser se regsvoorganger en die verweerder, en later tussen die eiser self en die verweerder. Waar die eiser dus in sy repliek op die verweerder se pleit te kenne gee dat sy vordering nie uit kontrak ontstaan het nie, maar wel uit hoofde van die verordening, laat hy buite rekening die klaarblyklige bestaan van

'n stilswyende ooreenkoms.

[21] Op die minste het die relevante partye in die onderhawige geval 'n stilswyende ooreenkoms bereik by wyse van die stilswyende aanvaarding, deur die verweerder as verbruiker, van 'n stilswyende aanbod deur die eiser (of sy regsvoorganger) as verskaffer. Deur hulle gedrag het hulle aldus te kenne gegee dat hulle oor alle essensiële aspekte van die ooreenkoms *consensus*, oftewel eensgesindheid, bereik het. Dit is na my mening in ooreenstemming met die tradisionele benadering soos deur Corbett AR uiteengesit in *Standard Bank of South Africa Ltd and Another v Ocean Commodities Inc and Others* 1983 (1) SA 276 (A) op 292B:

In order to establish a tacit contract it is necessary to show, by a preponderance of probabilities, unequivocal conduct which is capable of no other reasonable interpretation than that the parties intended to, and did in fact, contract on the terms alleged. It must be proved that there was in fact *consensus ad idem*.

[22] Dit is eweneens in ooreenstemming met die effe afgewaterde toets wat deur Corbett AR voorgehou is in *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd; Joel Melamed and Hurwitz v Vorner Investments (Pty) Ltd* 1984 (3) SA 155 (A) op 165B-C. Daar het die geleerde regter aan die hand doen dat die tradisionele benadering enigsins herformuleer moet word:

In this connection it is stated that a court may hold that a tacit contract has been established where, by a process of inference, it concludes that the most plausible probable conclusion from all the relevant proved facts and circumstances is that a contract came into existence ...

Kyk verder die volledige bespreking in R H Christie *The Law of Contract in South Africa*

(4e uitgawe 2001) 92-101.

[23] Die kernvraag is natuurlik of die inwerkingtreding, op 2 September 1988, van die verbodsbepaling vervat in artikel 4 van die verordening die stilswyende ooreenkoms tussen die eiser en verweerder ongeoorloof gemaak het of met nietigheid besoek het. Dit is normaalweg 'n kwessie van wetsuitleg, en hang saam met verskeie oorwegings en omstandighede. Indien 'n verbod negatief uitgedruk word, byvoorbeeld "niks mag gedoen word nie tensy ...", is dit redelik sterk aanduidend van die nietigheid van enige handeling wat in stryd daarmee uitgevoer sou word. Dit kan egter geensins as algemene reël beskou word nie, soos Miller AR dit duidelik stel in die beslissing van *Palm Fifteen (Pty) Ltd v Cotton Tail Homes (Pty) Ltd* 1978 (2) SA 872 (A) op 885E-G:

This, however, is no rule of thumb; the subject-matter of the prohibition, its purpose in the context of the legislation (or any provisions having the force of law), the remedies provided in the event of any breach of the prohibition, the nature of the mischief which it was designed to remedy or avoid and any cognizable impropriety or inconvenience which may flow from invalidity, are all factors which must be considered when the question is whether it was truly intended that anything done contrary to the provision in question was necessarily to be visited with nullity.

[24] 'n Kardinale faktor wat in hierdie verband oorweeg moet word, is die doel van die verbodsbepaling. Dit hang weer saam met vrae soos: teen wie word dit gerig of ten gunste van wie moet dit uitgelê word; watter soort van handeling of gedrag word verbied; is dit in wese eerder beperkend as verbiedend; hang dit saam met 'n verbodsbepaling? Onderliggend aan die oorweging van al hierdie faktore, bly die kernvereiste van wetsuitleg nog steeds om vas te stel wat die bedoeling van die wetgewer was. Kyk in

hierdie verband die uitspraak van Solomon AR in *Standard Bank v Estate Van Rhyn* 1925

AD 266 op 274:

The contention on behalf of the respondent is that when the Legislature penalises an act it impliedly prohibits it, and that the effect of the prohibition is to render the Act null and void, even if no declaration of nullity is attached to the law. That, as a general proposition, may be accepted, but it is not a hard and fast rule universally applicable. After all, what we have to get at is the intention of the Legislature, and if we are satisfied in any case that the Legislature did not intend to render the Act invalid, we should not be justified in holding that it was.

Daar kan verder in hierdie verband verwys word na *Pottie v Kotze* 1954 (3) SA 719 (A) op 724H-726A; *Swart v Smuts* 1971 (1) SA 819 (A) op 829C-830C; *Dhlamini en 'n Ander v Protea Assurance Co Ltd* 1974 (4) SA 906 (A) op 913H-914C; *Metro Western Cape (Pty) Ltd v Ross* 1986 (3) SA 181 (A) op 188F-189C; *Absa Insurance Brokers (Pty) Ltd v Luttig and Another NNO* 1997 (4) SA 229 (SCA) op 238F- 239A; L C Steyn *Die Uitleg van Wette* (5e uitgawe 1981) 192-202 (waarin die Romeinsregtelike en gemeenregtelike bronne, waarop die algemene beginsels gegrond is, van nader beskou word).

TOEPASSING VAN DIE RELEVANTE REG IN DIE ONDERHAWIGE SAAK

[25] Ten aanvang vind ek dit vreemd dat die onderhawige saak by wyse van 'n punt *in limine* geopper word, veral waar dit gaan om die vraag of die eiser se besonderhede van vordering 'n skuldoorsaak openbaar. Dit is klaarblyklik 'n aangeleentheid wat by wyse van eksepsie afgehandel kon, en moes, gewees het. Dit is vir my dus onverklaarbaar dat die eksepsie, wat aanvanklik deur die verweerder geopper was (par 8 hierbo), nooit voortgesit is nie. Indien die verweerder die mening toegedaan was dat die eksepsie nie 'n goeie kans op sukses gehad het nie, begryp ek nie waarom hy dit deur 'n punt *in limine*

wou laat herleef nie. Vir sover ek egter die bevoegdheid het om ingevolge die bepalinge van reël 33(4) te gelas dat 'n regspraak soos die onderhawige afsonderlik beslis word, en die partye dit eens was dat dit gedoen behoort te word, was ek bereid om die verdere verrigtinge op te skort hangende die afhandeling van van hierdie punt. Die alternatief, om die saak uit te stel en te gelas dat daar met die eksepsie voortgegaan word, sou onnodige tidsverspilling en koste meebring.

[26] Ek het reeds bevind dat, hoewel die eiser hom nie op 'n stilswyende ooreenkoms beroep het nie, maar sy eis gegrond het op die regte en verpligtinge wat uit die verordening voortspruit, daar tog wel 'n stilswyende ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het (par 20-22 hierbo). Daardie ooreenkoms het reeds lank voor die inwerkingtreding van die verordening in Bredasdorp (par 1 hierbo) op 2 September 1988 tot stand gekom en was te alle relevante tye geldig en afdwingbaar. Dit is duidelik dat beide partye hulle daaraan gebonde geag het, te oordeel aan die feit dat die eiser (en sy regsvoorganger), sedert die aanvang van die verweerder se handelsbedrywighede op die betrokke perseel gedurende 1924, elektrisiteit aan die verweerder voorsien het, en die verweerder op sy beurt die eiser vir sodanige voorsiening betaal het.

[27] Wanneer die huidige verordening van nader beskou word, is dit duidelik dat dit gerig word op die ordelike beheer van elektrisiteitsvoorsiening deur plaaslike owerhede en die gemagtigde gebruik daarvan deur regmatige verbruikers. Dit sluit in (par 9 hierbo) okkupeerders of ander persone wat met die voorsieningsowerheid gekontrakteer het vir

die lewering van elektrisiteit. Dit maak egter ook voorsiening vir persone wat nie aldus gekontrakteer het nie, maar vir elektrisiteitsverbruik op die betrokke perseel aanspreeklik is, soos die gebruiker of verhuurder van die elektriese installasie, of die eienaar van die perseel.

[28] Die verbodsbepaling van artikel 4 (par 10 hierbo) word klaarblyklik gerig op die bekamping en uitskakeling van die onregmatige gebruik van elektrisiteit. Die sluit van 'n skriftelike ooreenkoms met die voorsieningsowerheid is 'n verpligting wat op die voornemende verbruiker rus alvorens hy of sy op elektrisiteitsvoorsiening aanspraak kan maak. Dit is juis sy of haar versuim om sodanig te kontrakteer wat met die strafbepaling van artikel 54 (par 11 hierbo) besoek word, en wel indien hy of sy, ten spyte van sodanige versuim, elektrisiteit verbruik. Die verbodsbepaling is dus kennelik ter beskerming, en ten voordele, van die voorsieningsowerheid ingestel. Hy het dus die bevoegdheid om daarvan afstand te doen indien hy dit, in die lig van die relevante feite en omstandighede, redelikerwys sou goed dink.

[29] Daar is nie die geringste aanduiding, soos deur Mnr Louw namens die verweerder betoog (par 14 hierbo), dat die voorsieningsowerheid nie elektrisiteit mag voorsien tensy hy sodanige ooreenkoms met die verbruiker gesluit het nie. Dit sou tot 'n louter absurditeit aanleiding gee indien die owerheid, wat sonder kontrak elektrisiteit voorsien, beskou sou word 'n strafregtelike oortreding te begaan het. Die absurditeit sou vererger indien dit beskou sou word dat sy voortgesette voorsiening van elektrisiteit aan 'n kliënt,

met wie hy 'n jarelange stilswyende ooreenkoms ten opsigte van elektrisiteitsvoorsiening het, as onwettig, ongeoorloof en strafbaar beskou sou word. Dit kon nooit die bedoeling van die wetgewer gewees het nie. Indien 'n skriftelike kontrak in sulke gevalle ook benodig sou wees, sou die verordening seer sekerlik 'n bepaling ten dien effekte bevat het. Dit is myns insiens nie nodig om hierdie standpunt aan die hand van die vermoede teen retrospektiwiteit, soos deur Mnr Smit namens die eiser geopper (par 19 hierbo), te regverdig nie.

[30] Hierdie uitleg betreffende die bedoeling van die wetgewer word na my mening gestaaf deur die bepalings van artikels 16 en 52(4) van die verordening. Artikel 16 (par 12 hierbo) maak voorsiening vir sekere regte en bevoegdhede wat aan die owerheid toekom ten opsigte van die vasstelling van tariewe vir elektrisiteitsverbruik, die lewering van rekenings in verband daarmee en die afsluit van toevoer by wanbetaling deur die verbruiker. Artikel 52(4) (par 13 hierbo) gee weer aan die owerheid die bevoegdheid om, binne sekere perke, foute in rekenings reg te stel. Daar is nie sprake daarvan dat hierdie regte en bevoegdhede nie uitgeoefen mag word tensy die owerheid met die betrokke verbruiker skriftelik gekontrakteer het nie.

[31] Dat die verbodsbepaling juis teen die ongemagtigde verbruik van elektrisiteit deur voornemende verbruikers gerig word, blyk ten duidelikste uit die strafbepaling vervat in artikel 54 (par 11 hierbo). Slegs 'n verbruiker kan 'n oortreding begaan soos in hierdie bepaling bedoel. Indien die wetgewer bedoel het dat die owerheid eweneens sodanig sou kon oortree, sou hy dit onomwonde gestel het.

[32] Met verwysing na die regsbeginsels hierbo uiteengesit ten opsigte van die uitwerking van handeling in stryd met verbodsbepalings (par 23 en 24 hierbo), is ek dus tevrede dat die wetgewer in die onderhawige geval geensins die bedoeling gehad het om elektrisiteitsvoorsiening sonder 'n voorafgaande skriftelike kontrak as ongeoorloof, onwettig en strafbaar te beskou nie. Nog minder was dit die bedoeling van die wetgewer om bestaande stilswyende ooreenkomste, soos dié tussen die eiser en verweerder, as nietig en onafdwingbaar te beskou indien dit nie deur 'n skriftelike ooreenkoms vervang is nie.

GEVOLGTREKKING

[33] Dit volg uit bogemelde oorwegings dat die verweerder nie daarin geslaag het om my te oortuig dat die eiser se vordering geen skuldoorsaak openbaar nie. Die punt *in limine* moet dus afgewys word.

[34] Wat die koste van die aangeleentheid betref, is ek van mening dat die gebruikmaking van twee advokate nie geregverdig was nie, hoe nuttig dit ook al vir Mnr Smit was om bekwaam deur Me Fichardt bygestaan te word.

[35] Bygevolg word die punt *in limine* met koste van die hand gewys.

D H VAN ZYL

Regter van die Hooggeregshof